

19 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8

Fokusgedeelte: Johannes 15:5

Alleen diegene wat in Christus bly, kan geloofsvrugte vir God dra

In die beeld van die wingerdstok gaan dit om ons persoonlike verhouding met Christus. Hy is die wingerdstok en ons die lote. Die Vader is die boer, wat 'n snoeiskêr in sy hand het. Hy sorg dat hierdie wingerdstok wel vrugte dra: *“Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af, maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg sodat dit nog meer vrugte kan dra”* (vs 2). Sonder Christus kan jy nie vir God geloofsvrugte voortbring nie, want die loot kry sy voedingstowwe uit die wingerdstok.

Daarom is jou verhouding met Christus so belangrik. Vanweë ons sondes is ons droë lote. Ons leef baie keer asof ons Christus nie nodig het nie. Ons wil in beheer van ons lewe wees en op eie prestasies vertrou. Ons maak nie opofferings vir Christus en sy kerk nie. Ons verdien om afgesny te word.

Gelowiges word egter ryklik deur hierdie beeld vertroos. Ons wat in afhanklikheid in Christus bly, *“word deur God reg gesnoei, sodat ons meer vrugte kan dra”*. God snoei ons. Hy sorg dat ons aan Christus vasgebind bly en in geloofsvrugte kan groei. Vers 3 sê God snoei deur sy Woord en Heilige Gees. Die Woord en Gees roep en wek die bekering. Wanneer jy deur die krag van die Heilige Gees met die sonde breek, is dit God wat snoei en jou geloof versterk. Beproewing is ook 'n wyse van snoei. As die beproewing sy doel dien, dan tree jy net sterker in die geloof anderkant uit.

Jesus se opdrag is: *“Julle moet in My bly en Ek in julle”* (vs 4). Jy moet in so 'n persoonlike verhouding met Christus leef dat Hy in jou bly en jy in Hom. Alleen dan sal daar geloofsgroei in jou lewe kan plaasvind, want sonder Jesus kan jy niks doen nie!

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)